CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# Opsomming van konsepstrategie vir erfenishulpbronbestuur

In die strewe na doeltreffende erfenisbestuur op munisipale vlak

## Waaroor gaan dit?

Die konsepstrategie vir erfenishulpbronbestuur toon hoe die Stad Kaapstad (die Stad) beplan om erfenishulpbronne op munisipale vlak te bestuur deur die implementering van meganismes waarvoor die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (NHRA), Wet 25 van 1999, voorsiening maak.

## Waarom het ons hierdie strategie nodig?

Die NHRA (1999) en die Stad se strategie vir kultuurerfenis (2005) is albei ouer as 20 jaar. Sedert dit uitgevaardig is, het Kaapstad gegroei en verander.

Die doel van die konsepstrategie is:

- om die wetsondoeltreffendheid verbonde aan die dubbele toepassing van NHRA- en Stadsprosesse uit die weg te ruim aangesien dit administratiewe ondoeltreffendheid, inkonsekwentheid en onnodige vertragings tot gevolg het;
- om erfenisbestuur beter met munisipale beplanningsprosesse te integreer;
- om 'n gepaste vlak van beskerming vir bewaringswaardige erfenishulpbronne in te stel; en
- om erfenis as 'n dryfveer van ekonomiese groei, maatskaplike waarde en klimaatsveerkragtigheid te benut.

## Waarom is dit belangrik?

Erfenis gaan nie net oor die verlede nie. Dit dra by tot maatskaplike samehang, ondersteun plaaslike ekonomieë en bepaal hoe ons in die toekoms sal leef.

Die konsepstrategie strook met tersaaklike nasionale en provinsiale wetgewing en ondersteun die Stad se algemener beplanning- en ontwikkelingsdoelwitte.

## Wie kan kommentaar lewer?

Enigiemand kan kommentaar lewer op die konsepstrategie, waaronder:

- openbare instellings en erfenisowerhede;
- organisasies, navorsers en gemeenskapsgroepe wat op erfenisgebied werk;
- ontwikkelaars, eiendomseienaars en beroepslui in die bou-omgewing; en
- inwoners, ondernemings en belangstellende lede van die publiek.

## Sê jou sê

Jou kommentaar sal help bepaal hoe die Stad sy erfenis vir huidige en toekomstige geslagte beskerm en bestuur.

**Tydperk vir kommentaar:** 17 Augustus tot 17 September 2026